
NG GEMEENTE REEBOK
ONS VISIE
Ons versprei die aangename geur van God
Die geur van Christus deur ons
"Maar dank aan God... wat ons altyd deur Christus in sy triomftog meevoor en die geur van sy kennis op elke plek deur ons versprei."
Want ons is 'n aangename geur van Christus aan God, vir dié wat verlos word, én vir dié wat verlore gaan."
– 2 Korintiërs 2:14–15
NG GEMEENTE REEBOK

**NG Reebok: Preekblaadjie**
Geur in die Ou Testament

**Lees saam: Genesis 8:15–22**
Wanneer Noag ná die vloed uit die ark kom, is een van sy eerste handelinge om ’n altaar vir die Here te bou en ’n offer te bring. Dan lees ons in v 21: “Die Here het die aangename geur geruik...”

Dit is die eerste plek in die Bybel waar daar eksplisiet van ’n aangename geur in verband met ’n offer gepraat word. Van hier af word die beeld van geur, offers en wierook ’n belangrike deel van die Bybelse taal oor ons verhouding met God.

**DIE GEUR VAN ’N OFFER**: Noag se eerste reaksie ná sy redding is aanbidding. Hy bring ’n offer en die Here “ruik” die aangename geur. Die geur beteken nie dat God fisies honger was of die rook nodig gehad het nie. Dit is beeld taal wat sê dat God die offer aanvaar en daarin behae vind. Die eerste geur wat ons ná die oordeel in die nuwe wêreld teëkom, is dus die geur van: aanbidding, dankbaarheid en oorgawe.

**DIE GEUR VAN OORGAWE:** In Levitikus word die uitdrukking “’n aangename geur vir die Here” herhaaldelik gebruik: by die brandoffer (Lev 1:9), die graanoffer (Lev 2:2) en die maaltydsoffer (Lev 3:5). Die offers was verskillend, maar die beeld van die aangename geur verbind hulle.

Aanbidding gaan oor oorgawe en ’n verhouding met God. Maar die profete herinner Israel daaraan dat God nie tevrede is met ’n mooi godsdienstige ritueel terwyl die lewe verkeerd is nie. Jesaja 1:11–17 en Amos 5:21–24 wys dat God nie ons offers wil hê as ons lewens vol onreg is nie.

**God wil nie ’n aangename offer uit ’n onaangename lewe hê nie.**

**DIE GEUR VAN GEBED**: In Eksodus 30 kry ons die wierookaltaar in die tabernakel. Wierook moes gereeld voor die Here gebrand word. Die opstygende rook en geur het ’n beeld geword van aanbidding en gebed wat na God opstyg. Daarom bid Dawid: “Laat my gebed voor U wees soos wierook...” (Psalm 141:2). Ons gebede is soos ’n geur wat na God opstyg.

**VAN DIE ALTAAR NA DIE LEWE:** Die Ou Testament begin met geur by die altaar, maar die betekenis daarvan word al hoe groter. God vra uiteindelik nie net: “Wat bring jy vir

My?" nie. Hy vra: "Hoe leef jy voor My?" Daarom word: gehoorsaamheid, heiligheid, geregtigheid, gebed, liefde, en oorgawe deel van die "geur" van 'n mens se lewe.

**WAT BETEKEN DIT VIR ONS?:** Ons kan vandag nie meer offers op 'n altaar bring om God se aanvaarding te verdien nie. Die Ou Testamentiese offers wys uiteindelik vooruit na Christus. Maar die beeld van geur bly kragtig: Ons gebede, verhoudings en gemeente behoort 'n geur te hê.

**'n GEDAGTE OM SAAM TE NEEM:** Ons kan nie die geur van Christus versprei as ons nie  naby Hom leef nie. Geur word nie vervaardig deur harder te probeer nie. Dit word versprei omdat iets teenwoordig is. Die Ou Testament leer ons aanbidding bring 'n aangename geur voor God. In die Nuwe Testament gaan ons verder leer dat Christus is self die aangename geur en uiteindelik versprei God die geur van Christus deur sy mense.

**BESPREKINGSVRAE VIR KLEINGROEPE**

1. Genesis 8 wys dat Noag se eerste reaksie ná sy redding aanbidding was. Wat is gewoonlik ons eerste reaksie wanneer God ons deur 'n moeilike tyd gedra het?
2. Die offers in Levitikus word beskryf as "'n aangename geur vir die Here". Wat dink jy beteken dit vandag om jou lewe as 'n "offer" aan God te gee?
3. Psalm 141:2 vergelyk gebed met wierook. As jou gebedslewe 'n geur was, watter soort geur sou dit wees? Waarom?
4. Die profete waarsku dat God nie van godsdienstige rituele hou wanneer ons lewe nie daarmee ooreenstem nie. Waar kan daar soms 'n verskil wees tussen ons aanbidding in die kerk en ons lewe gedurende die week?
5. Ons nuwe gemeentelike droom is:

"Ons versprei die aangename geur van God
deur die lewende liggaam van Christus,
op elke plek, soos die Gees ons lei."

As iemand wat niks van ons gemeente weet nie 'n week lank met ons sou saamleef, watter "geur" dink jy sou hy/sy van NG Gemeente Reebok ervaar? En watter geur sou ons graag wou hê mense moet ervaar?

Volgende week kyk ons verder saam na die Nuwe Testament en wat dit ons leer oor geur.

**Efesiërs 5:1-2**

1. Volg dan die voorbeeld van God as geliefde kinders, 2. en leef in liefde, net soos Christus ons liefgehad, en Homself ter wille van ons oorgegee het as 'n offergawe aan God, as 'n offerande met 'n aangename geur.

# Ons droom in eenvoudige woorde

**Ons versprei die aangename geur van God** (2 Kor 2:15)
**deur die lewende liggaam van Christus** (1 Kor 12:27)
**soos die Gees ons lei** (2 Kor 2:14)

Ons glo dat God ons roep om
Sy teenwoordigheid sigbaar en tasbaar
te maak waar ons ook al is.

Soos 'n geur wat versprei,
wil ons lewe, liefde en getuienis
mense raak –
*tot eer van God.*



## WAT BETEKEN DIT VIR ONS GEMEENTE?

- Ons leef saam as die **liggaam van Christus**
- Ons volg die leiding van die Heilige Gees
- Ons bring God se liefde na elke plek waar ons kom

*Soli Deo Gloria*